

**SKRIFLESING:** Jesaja 58:1-14 (Teksvers Jes 58:11)

**Tema:** Ons is God se fontein van liefde.

Baie van ons as kerkmense meen dat ons God se fontein van liefde is omdat: "Ek vra na die Here se wil, asof ek graag wil weet wat Hy van my verwag. Ek is vanoggend in die erediens al is daar nie eens kategeese nie. Voor mense gee ons voor dat ons 'n nasie is wat doen wat reg is en hou by die bepalings van God. Ons vra Hom vir regverdige beslissings so asof ons van sy teenwoordigheid hou. En ons vas en verootmoedig ons voor die Here." Dit klink amper soos 'n ideale gemeente.

Maar ons is nie altyd Sy fontein van liefde nie. Ons lyk vroom, maar van ons beoefen 'n vals godsdiens. In die Boodskap is die opskrif by Jes 58: "Geloof met bymotiewe."

Ons beoefen godsdiens, maar ons is besig om te sondig. My godsdiens gaan eintlik maar oor my. Dit gaan oor die bevorder van my eie belange. Ek soek my voordeel. In so 'n godsdiens is ek god. Ek vra na die Here se wil en ek hoor selfs wat Hy van my verwag, soos vanoggend weer, maar ek doen dit nie.

Ons is kinders van die Here wat vas. Ons hou op eet of TV kyk om te fokus op die Here. Maar terwyl ons vas, moet ons werkers harder werk sodat ons meer geld kan maak. Dan moet ons nie verwag dat ons gebed verhoor sal word nie.

Ons is kinders van die Here - ons sit vroom in die erediens en ons vas. Maar hoe hanteer ons mekaar as ons hier uitstap? Is ons onvoorwaardelik lief vir mekaar? Ons is die Here se een liggaam. Bou ons mekaar of breek ons aan mekaar met skinder, twis en rusie? In die Bybel staan nêrens dat ons nie mag verskil van mekaar nie. Oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 gaan ons verskil. Maar hoe verskil ons van mekaar? Daar is mense wat sê: "As die kerk nie stem soos ek wil nie, gaan ek loop." Die probleem met hierdie opmerking is dat daar 2 ekke in een kort sin is. Oor wie gaan dit? Dit gaan vir seker nie oor God nie, maar oor wat ek wil hê.

In Jesaja 58 lees ons nog 'n voorbeeld van sondige godsdiens. Elke dag is die Here se dag, maar Sondag is spesiaal deur Hom en vir Hom opsy gesit. Dit is opstandingsdag. Die kerkklokke herinner ons elke Sondag hieraan. Dit is 'n dag om te fokus op Hom en Sy oorwinning oor my sonde en dood. Dit is 'n dag opsy gesit vir Here om nie onaktief nie, maar anders aktief te wees as in die res van die week. 'n Dag om te rus nie net van sonde nie, maar ook om fisies te rus. Maar ons het die dag gesteel om te doen wat ons wil. Gaan ry verby inkopiesentrums of ontspanningsplekke en u sal sien wat ek bedoel.

Om ware fontein van liefde te wees beteken om Godgesentreerd en daarom medemens gesentreerd te lewe. 'n Ware fontein van liefde lewe fokus op God en is daarom ingestel op die nood van ander.

Die Here vra nie net dat ons onself voor Hom sal verneder, sal buig voor Hom en in sak en as sal sit nie. Hy vra dat ons vas sal uitloop in die doen van diens van barmhartigheid. God maak my vol, nee, Hy maak my oorvol van sy liefde sodat dit uit my uitvloei na ander.

Die vas wat die Here vra, is die bevry van dié wat onregverdig gevange gehou word en die verlos van mense uit verdrukking en verslawing.

Die Here se liefde, in my gewerk deur die Heilige Gees, maak dat ek hulle wat honger is, brood gee, die armes en dakloses blyplek gee en hulle sonder klere, klere gee.

Doen jy dit? Nie omdat jy moet nie, nie sodat ander dit kan sien of die wet dit van jou by jou werk vereis nie, maar omdat jy as Geesvervulde kind van die Here nie anders kan nie?

God het dit vir jou gedoen. Christus het vir ons gesterf toe ons nog sondaars was. Hy het nie gevra wat wat ons met Sy verlossingsdood gaan aanvang nie. Sy liggaam is gebreek en Sy bloed het gevloei omdat Hy vir ons liefhet.

Kahlil Gibran skryf so treffend in sy boekie Die Profeet:

Jy verklaar dikwels: "Ek sal gee, maar slegs aan die verdienstelikes."

Die bome in jou vrugteboord sê nie so nie en ook nie die kudde in jou weivelde nie. Hulle gee sodat hulle kan lewe, want om terug te hou, is om te sterwe.

Waarlik, hy wat dit waardig is om sy dae en nagte (uit genade van God) te ontvang, is enige iets werd wat jy instaat is om te gee.

Godsdiens wat net kyk na myself, my behoeftes en my mense en nie ook 'n verskil maak in ander gelowiges se lewens en die wyer samelewing nie, is vals godsdiens.

As ek Sy ware fontein van liefde is, sal ek, soos Hy, Sy liggaam gebreek vir my en Sy bloed gevloei vir my, my lewe vir ander gee.

So 'n ware fontein van liefde lewe word deur God geseën. Hy sal Sy lig van redding en herstel, ook in ons donker, oor ons laat skyn. Die Here sal ons lei en beskerm. Hy sal antwoord as ons om hulp roep. Die Here sal vir ons seën en ons sal vreugde vind in die Here. Hy sal ons gemeenskappe herstel.

As jy toelaat dat Sy opofferende liefde deur jou na alle ander mense vloei, belowe Hy vir jou in Jes 58:11: "Die Here sal jou altyddeur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien. Hy sal jou sterk maak. Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie."

Jy sal sy fontein van liefde wees.

**Amen**